**Persverklaring**

# SUID-AFRIKA VERSTERK GLOBALE HANDELBANDE DEUR MYLPAAL-AEO-OOREENKOMSTE MET DIE VSA, INDIË EN VK

**2 Julie 2025, Brussels -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die afgelope week 'n historiese mylpaal in Brussels behaal met die ondertekening van drie wedersydse erkenningooreenkomste (MRA's) met hul Gemagtigde Ekonomiese Operateurs- (AEO) -program. SARS smee 'n vennootskap met die Verenigde State se doeane- en grensbeskerming (CBP), die Verenigde Koninkryk se koninklike inkomste en doeane (HMRC), en Indië se sentrale raad vir indirekte belastings en doeane (CBIC). Daarby het SARS 'n memorandum van verstandhouding met die doeane- en aksynsdepartement van Hong Kong, China onderneem ten opsigte van samewerking en wedersydse administratiewe bystand met doeane-aangeleenthede. SARS het ook 'n samewerkingooreenkoms met die Xiamen-distrik van die algemene administrasie van China se doeane gesluit.

SARS was ook betrokke by opvolg-gesprekke met die Kanadese grensdiensteagentskap (CBSA) wat die verkenning van wedersydse erkenning vir AEO afgesluit het. SARS het ook die federale doeanediens (FCS) van Rusland betrek om samewerking en wedersydse administratiewe bystand met doene-aangeleenthede en wedersydse erkenning vir AEO te verken.

MRA-onderhandeling is 'n multifase-onderneming wat operasionele vertroue en geverifieerde gelykwaardigheid in programme en prosedures vereis. Dit gaan nie oor omvattende aanvaarding nie, maar die versekering dat een land op 'n ander land se AEO-geldigverklarings en doeaneprosesse kan staatmaak sonder om sekuriteit- of nakoming-integriteit te benadeel. MRA's vereis voortgesette samewerking, stelsel-intersamewerkingvermoë en gesamentlike hersienings om hul doeltreffendheid te handhaaf.

Hierdie gebeurtenisse is nie net diplomatiese prestasies nie, maar die uitloop van meer as vyf jaar se volgehoue tegniese skakeling, beleidopstelling en vertroue-opbouing. Die reis jeens wedersydse erkenning is nougeset: dit behels volledige assesserings van elke land se doeane-nakomingraamwerke, stawingprosesse en risikobestuurstelsels. Die feit dat SARS suksesvol met drie van die wêreld se grootste handelnasies MRA's gesluit het is 'n kragtige testament van die ontwikkeldheid, kredietwaardigheid en internasionale posisie van Suid-Afrika se AEO-program.

Deur hierdie MRA-ooreenkomste, het SARS en sy MRA-vennote hulle verbind om mekaar se AEO's te erken en sodoende geakkrediteerde handelaars in staat te stel om voordeel te trek uit vinniger doeane-klarings, verminderde inspeksies en laer administratiewe laste. Hierdie fasiliteringvoordele sal van toepassing wees op handel

tussen Suid-Afrika en die VS, VK en Indië - lande wat saam $37 - 40 miljard in handel met Suid-Afrika (volgens SARS se handelstatistiekedata vir 2024) beloop.

Noemenswaardig, is dat Suid-Afrika die eerste land op die Afrika-kontinent is wat 'n MRA met die VSA ingevolge hulle Doeane Handelvennootskap Teen Terrorisme- (CTPAT) -program sluit - 'n mylpaal wat beide operasionele uitmuntendheid en internasionale vertroue onderstut. CTPAT word wyd geag as een van die mees ontwikkelde, invloedryke en operasioneel-veeleisende leweringketting-sekuriteitvennootskapprogramme wêreldwyd. Sy ontwerp het menige AEO-programme wêreldwyd help vorm. Onderwyl die Wêreld Doeane Organisasie se SAFE raamwerk van standaarde om wêreldhandel te beveilig en te fasiliteer die oorkoepelende internasionale bloudruk vir AEO-programme bly, staan CTPAT as die de facto globale rigpunt vir operasionele nougesetheid, sekuriteitstawing en doeane-tot-doeane vertroue. Die Verenigde State handhaaf uitsonderlike hoë standaarde vir MRA's wat hierdie prestasie beide skaars en hard-verdiend maak.

Hierdie nuwe MRA's beeld SARS se toewyding uit jeens die bou van 'n vertroude globale netwerk van handelvennote - een wat fasilitering met veiligheid balanseer, en innovasie met integriteit. Soos wat die globale handellandskap ontwikkel, pas Suid-Afrika nie net aan nie, maar help om die toekoms van doeane-samewerking en leweringkettingsekuriteit op die Afrika-kontinent en verder te vorm.

Sedert die bekendstelling van SARS se AEO-program (wat ten volle in lyn met SAFE is) in November 2020, het dit ongekende opname geniet. Hierdie prestasies beeld SARS se toewyding jeens handelsfasilitering, belanghebbende-tevredenheid en volhoubare nakoming uit. Onontbeerlik, trek AEO's nou voordeel uit genoodsaakte wederkerige voordele deur ons MRA-vennote. Dit het 'n hoeksteen geword van SARS se strategie om vrywillige nakoming te bevorder en hulpbrontoewysing regoor die doeanelandskap heen te optimaliseer. Tot en met 31 Mei 2025, het SARS 831 AEO's in Suid-Afrika geakkrediteer.

Dit versterk die mededingendheid aansienlik van plaaslike uitvoerders wat kies om by SARS se AEO-program aan te sluit, wat voordeel trek uit SARS se netwerk van MRA's wat nou tot China, Hong Kong, Indië, SACU (Botswana, Eswatini, Lesotho en Namibië), Uganda, die VK, die VS en Zambië strek. Met hierdie MRA's in plek, het SARS nou wedersydse erkenningdekking vir nagenoeg 46% van Suid-Afrika se uitvoerbestemmings per waarde, wat die mededingendheid van plaaslike uitvoerders aansienlik versterk.

"Hierdie prestasie is nie net 'n oorwinning vir SARS nie, maar 'n oorwinning vir Suid-Afrika se ekonomie en ons posisie in die globale handel-ekostelsel", het SARS Kommissaris en voorsitter van die WCO-raad Edward Kieswetter gesê. "Die sluit van MRA's met drie groot handelvennote, insluitend die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk en Indië, toon die groeiende vertroue in Suid-Afrika se belasting- en

doeanestelsels en ons toewyding tot die instaatstelling van regmatige handel onderwyl ons grense beveilig word". Die kommissaris het genoem dat die MRA's "ook die beginsels in die kern van die WCO se SAFE-raamwerk uitbeeld: samewerking, risikobestuur en gedeelde verantwoordelikheid vir veilige en doeltreffende globale leweringkettings. As die eerste land in Afrika om 'n MRA met die Verenigde State te sluit, is ons trots om die weg vir die kontinent te baan met die versterking van handelsfasilitering en sekuriteitsamewerking met die wêreld se grootste ekonomie".

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.

**EINDE.**